# HANTAM MUNISIPALITEIT


| Setel | Munisipale kantore | | |
|---|---|---|---|
| **Calvinia** | **Brandvlei** | **Loeriesfontein** | **Nieuwoudville** |
| Privaatsak X14 | Posbus 12 | Privaatsak X01 | Posbus 52 |
| Calvinia 8190 | Brandvlei 8915 | Loeriesfontein 8185 | Nieuwoudville 8180 |
| (027) 341-8500 | (054) 603-8400 | (027) 662-8600 | (027) 218-8700 |
| (027) 341-8501 | (054) 603-8401 | (027) 662-8601 | (027) 218-8701 |
| info@hantam.gov.za | | | |


Verwysing : Navrae :

**HERSIENE BEGROTING 2010/2011**

Vind asseblief hierby aangeheg die hersiene begroting asook die verduidelikings rondom verhogings en ander aanpassings.

1. Wil dit weereens onder die aandag van die Raad bring dat die Munisipaliteit kontantvloei probleme ondervind. As dit nie so is nie sou dit nie nodig gewees het om by die MIG fondse te leen om salarisse te betaal nie. Die fondse is terug geplaas na die MIG fondse. Om personeel aan te stel waar 'n besparing is bring 'n las op die kontantvloei van die Munisipaliteit.

2. Ook moet daarop gelet word dat 'n besparing op 'n begrotingspos nog nie kontant oor die toonbank inbring nie. Verbruikers moet hulle diensterekeninge betaal sodat die kontant kan inkom om ons in staat te stel om die lopende uitgawes te betaal.

3. 'n Ernstige beroep word gedoen om reiskoste te beperk en waar moontlik moet raadslede saam met amptenare reis.

4. Soos in alle vorige verslae die afgelope maande is die kontant tekort soos op 30 Junie 2010 uitgewys en die tekort kan nie ingehaal word nie tensy 'n ander bron van inkomste gevind word. Wil weer 'n beroep op die Raad doen om oorweging te skenk aan die meentbeleid om dit te verander sodat meent aan kommersiële boere toegeken kan word.

5. Raadslede word versoek om die gemeenskap te motiveer om diensterekeninge te betaal asook die agterstallige gedeelte. Die bedrag van uitstaande debiteure het gestyg van R21 988 912 op 30 Junie 2010 tot R25 697 301 op 31 Desember 2010. Dit is R618 065 per maand waarmee die uitstaande bedrag styg.

6. Neem die R618 065 per maand plus die ±R800 000 wat aan die agterstallige salarisse betaal moes word en dan is dit duidelik hoekom die Munisipaliteit ‘n kontantvloei probleem het.

7. Die personeel sal dus voortgaan om water op drup te sit en elektrisiteit te sny. Die poging wat aangewend is aan die einde van die jaar het die gewenste uitwerking gehad.

8. Ek doen ‘n beroep op die Raad en alle personeel om te bespaar en slegs die noodsaaklike uitgawes aan te gaan en om seker te maak dat ons alle inkomste invorder om sodoende die kontantvloei weer normaal te kry.

9. ‘n Ernstige beroep word ook gedoen op die Departements hoofde om hul personeel so te bestuur sodat die oortyd beperk kan word.

**MUNISIPALE BESTUURDER**

- Voorsiening is gemaak by die salarisse vir die Kantoorhoof van die Burgemeester.
- Die begroting van kommunikasie/skakeling is verminder van R60 000 na R20 000 aangesien die kantoorhoof die kommunikasie moet behartig.

**RAADSUITGAWES**

- Die aanpassing van 5% is aangebring en die agterstallige toelaes is alreeds in Desember 2010 aan raadslede uitbetaal.
- Reis en verblyfkostes is verhoog van R210 000 na R250 000. ‘n Beroep word gedoen om slegs dringende vergaderings by te woon.
- Spesiale Programme is verhoog van R100 000 na R200 000 aangesien R100 000 van die Distriksraad se fondse daarvoor aangewend word. Die inkomste is dienooreenkomstig aangepas.
- Ouditkostes is verhoog van R825 000 na R900 000. Die Munisipaliteit sal slegs 1% betaal en ons rekening sal gekrediteer word indien ons te veel betaal het.
- Die Voorsienings vir Langdiens en Medies is verminder na die bedrae soos deur die aktuaris bepaal.

**VOORSIENINGSKANAAL BESTUUR**

- Salarisse is verhoog weens die her-evaluering van poste.

**ADMINISTRASIE**

- Salarisse is verhoog van R1 288 482 na R1 363 190 weens die her-evaluering.
- Regskostes is verhoog van R15 900 na R200 000 om voorsiening te maak vir die kostes aangaande ASLA. Weet nie of dit genoeg sal wees nie.
- Ongevalle Versekering is verhoog omdat twee betalings in hierdie jaar gedoen sal word indien ons die rekening betyds ontvang.

**IDP ADMINISTRASIE**

- Salarisse is verhoog weens die her-evaluering.
- Reis en Verblyf is verhoog van R7 500 na R15 000 aangesien die amptenaar van eie vervoer moes gebruik maak aangesien die Raad se voertuig nie beskikbaar was nie.
- Ongevalle Versekering word ook verhoog.

**FINANSIES ALGEMEEN**

- Uitgawes rakende salarisse is verminder aangesien die waarneming wegval van Rekenmeester in Begrotingskantoor.

**REKENMEESTER:INKOMSTE**

- Salarisse verhoog weens her-evaluering
- Ongevalle Versekering verhoog weens dubbele betaling.
- Toerusting is verhoog van R30 300 na R85 000 om voorsiening te maak vir die herstel van die voorafbetaalde masjien op Nieuwoudtville.

**REKENMEESTER:UITGAWES**

- Salarisse is verhoog weens die her-evaluering.

**BEGRAAFPLAAS**

- Salarisse is verhoog weens die her-evaluering.
- Ongevalle Versekering verhoog van R705 na R13 000.

**BURGERLIKE GEBOUE**

- Salarisse verhoog weens die her-evaluering.
- Oortyd verhoog van R27 250 na R35 000. Uitgawe is vir die skoonmaak van die gemeenskapsale.
- Ongevalle Versekering word verhoog van R4 030 na R11 000.

**SPORTGRONDE**

- Salarisse is verhoog van R238 049 na R245 049.
- Ongevalle Versekering van R2 200 na R5 745.

**SWEMBAD**

- Reiniging word verhoog van R2 000 na R51 000 aangesien die kostes van die chloor R16 000 per maand is om die water skoon te hou.
- Ongevalle Versekering word verhoog.
- Toerusting word verhoog van R55 000 na R100 000 aangesien die koste vir die herstel van die pype en pompe meer was.

**VLIEGVELD**

- Versekering styg van R17 500 na R40 930 aangesien tariewe verhoog is.

**STRATE**

- Salarisse verhoog van R1 462 622 na R1 547 451 weens die her-evaluering.
- Materiaal vir die herseël van strate word verhoog van R250 000 na R300 000.
- Huur Voertuie word verhoog van R441 391 na R495 000.
- Ongevalle Versekering verhoog van R8 600 na R22 000.

**WATER**

- Salarisse word verhoog van R2 220 997 na R2 507 562 weens die her-evaluering.
- Reiniging van water verhoog van R420 000 na R500 000. Watervlak van die dam vereis dat meer chloor gebruik word as normaal.
- Watermonsters verhoog van R30 000 na R60 000 aangesien water meer gereeld getoets moet word.
- Ongevalle Versekering verhoog van R15 300 na R40 000.
- Toerusting verhoog van R140 000 na R180 000 aangesien waterpompe gebreek het.

**ELEKTRISITEIT**

- Salarisse verhoog van R1 546 749 na R1 655 060 weens die her-evaluering.
- Ongevalle Versekering verhoog van R20 140 na R52 000.

**BIBLIOTEEK**

- Salarisse verhoog van R806 583 na R873 955.
- Ongevalle Versekering verhoog van R3 130 na R8 000.

**SANITASIE**

- Salarisse verhoog van R3 762 685 na R4 149 516.
- Ongevalle Versekering verhoog van R22 665 na R60 000.
- Sekuriteitsdienste verlaag van R160 000 na R127 050 aangesien diens nie vir die volle jaar is nie.

**VERKEERSDIENSTE**

- Salarisse verhoog van R930 670 na R1 183 777 weens her-evaluering en motortoelae vir Mnr.Isaacs.
- Huur voertuie verminder van R88 279 na R25 000 aangesien persone hul privaatvoertuie gebruik.

**INKOMSTE**

- Raadsuitgawes verhoog met R100 000 met die fondse van die Distriksraad.
- Inter-Owerheidstoekenning is verhoog met R1 755 000.

Die inkomste is nie veel aangepas nie en verhoog waar dit meer blyk te wees. Die begroting moet realisties wees en die amptenare sal alles doen om te verseker dat inkomste ingevorder word.
Alle meterlesings sal nagegaan word om seker te maak dat alle meters gelees word en ook dat alle afwykings nagegaan word om sodoende ook die lynverliese te beperk.

Alle personeel tesame met die raadslede moet saamwerk om toe te sien dat die Munisipaliteit alle inkomste inkry en saam moet ons bespaar sodat alles in belang van die gemeenskap kan wees en ook om dienslewering te bevorder.

**HOOF FINANSIËLE BEAMPTE**